

Wie voor die HERE kapituleer, is 'n oorwinnaar!

Dit is mos direkte verraad as jy die vyande van jou volk versteek sodat jou koning se soldate hulle nie kan vastrek nie! Vaderlandsliefde het nie die swaarste gewoeg by Ragab van Jerigo toe sy Josua se twee verkenners onder 'n hoop vlasstoppels verberg het nie. Die berigte aangaande die HERE se almagsdade vir sy volk het Ragab bereik lank voor die verkenners se aankoms. Dit het Ragab laat glo (sy "weet", vs 9) dat die HERE se mag nie net oor plaaslike dinge gaan nie, maar dat dit universeel is. Hy is God in die hemel en op die aarde.

Kennis aangaande die HERE het die ander inwoners van Jerigo slegs verskrik gemaak, maar by Ragab 'n ommekeer gebring. Deur die werk van God se Gees in haar (Hand 16:14) kapituleer sy voor die HERE en daarin lê haar oorwinning! Sy is 'n instrument van die HERE om die verkenners te beskerm, en sodoende deel sy in Josua se oorwinning oor Jerigo. Sy het deur die geloof opgetree, staan daar in Hebreërs 11:31.

Ragab se geskiedenis leer ons dat wie voor die HERE, God van hemel en aarde, kapituleer, 'n oorwinnaar is wat die koninkryk van God beërwe. Die teenoorgestelde van kapitulerings voor God is selfhandhawing. Dit bring die dood – soos vir Jerigo.

Om voor die HERE te kapituleer is om vandag eers die koninkryk van God in al jou lewenshandelinge te soek (Matt 6:33), dit is om na God se wil te vra in die lig van sy Woord. Jesus Christus het voor God gekapituleer met die woorde (Matt 26:39), "...noggans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil." Gevolglik het Hy deur die kruis en opstanding die oorwinning vir jou behaal. Die Heilige Gees van God skep 'n nuwe hart in jou – 'n hart wat kapituleer en verseker is van die oorwinning in Jesus Christus.

Sing: Psalm 144:1, 4

Ds. RL Vorster (Emeritus)